



Munisipaliteit  
Municipality  
Umasipala

**NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU OP 'N VIRTUELE BASIS OP MAANDAG, 15 JUNIE 2020 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdl M Rangasamy

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen

Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

Bess, D G (DA)

Daniels, C (DA)

De Beer, J M (DA)

Humphreys, F S (ANC)

Maart, E S M (DA)

McQuire, V D (DA)

Mfutwana, L E (EFF)

O'Kennedy, E C (DA)

Papers, C H (DA)

Philander, D B (ANC)

Penxa, B J (ANC)

Smit, N (DA)

Sneewe, A M (ANC)

Solomons, P E (DA)

Stanley, B J (DA)

Stemele, O M (DA)

Van der Westhuizen, R F (DA)

Van Zyl, M (DA)

Zatu, N S (ANC)

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz

Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton

Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J C Krieger

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Senior Bestuurder: Strategiese Dienste, mnr L Fourie

Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

**1. OPENING**

Raadshere R F van der Westhuizen open die vergadering met skriflesing en gebed op versoek van die Speaker.

'n Woord van verwelkoming word gerig aan die Uitvoerende Burgemeester, die Uitvoerende Onderburgemeester, raadshere, raadsdames, raadslede en amptenare.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl Z Bekebu.

**3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS**

Geen

**4. SAKE VIR BESPREKING**

**4.1 GOEDKEURING VAN DIE 2019/2020 SPESIALE AANSUIWERINGS-BEDRYFSBEGROTING (5/1/1/1, 5/1/1/2 (2019/20))**

Die Uitvoerende Burgemeester lê die Spesiale Aansuiwerings-Bedryfsbegroting ten opsigte van die 2019/2020 finansiële jaar ter tafel, waarna die Speaker geleentheid gee aan raadslede om daarop te reageer.

4.1/...

Rdl D B Philander verwys na verskeie aspekte uit die begrotingskedules, maar wys die Munisipale Bestuurder daarop dat die Spesiale Aansuiwerings-Bedryfsbegroting slegs handel met spesifieke items wat meegebring is deur die Covid-19 pandemie. Die Speaker versoek rdl Philander om aspekte waarop meer duidelikheid verlang word op skrif te stel ten einde die administrasie geleentheid te gee om daarop te reageer.

Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig, op versoek van Rdl F S Humphreys, dat die Nasionale Tesourie toegelaat het dat 'n Spesiale Aansuiweringsbegroting voorgelê word vir oorweging wat spesifiek handel met nooduitgawes en ander wysigings aan die begroting wat te weeg gebring is deur die Covid-19 pandemie en gevolglike nasionale inperking.

Die Munisipale Bestuurder, met verwysing na paragraaf 2 van die verslag, verduidelik die uitgawes aangegaan ter ondersteuning van die Humanitêre Hulpverleningsprogram deur Provinsie, onder andere, die kospakkies aan kwalifiserende huishoudings in die Swartland munisipale area.

Die Spesiale Aansuiwerings-Bedryfsbegroting word deur die Speaker tot stemming gebring en deur die Raad (in die afwesigheid van een raadslid) beslis met sewentien stemme ten gunste daarvan, en ses raadslede wat buite stemming bly.

### BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl E C O'Kennedy)

- (a) Dat die Raad kennis neem dat die Begrotingsbeheer Komitee dringend vergader het om verduidelikings en motiverings van die finansiële personeel en ander direkteure te oorweeg soos nodig gegewe die aansuiwerings;
- (b) Dat die Raad in ag neem dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe ten opsigte van die 2019/2020 finansiële jaar sal hê nie, maar sal lei tot 'n vermindering in die oorspronklike begrote surplus, uitgesluit kapitale toekennings en kapitale bydraes, vanaf R17 958 799 na R5 849 605;
- (c) Dat die nooduitgawes ten bedrae van ongeveer R3 328 708 deur die Raad as onvoorsien en onvermydelik goedgekeur word, soos aangewend volgens die besonderhede in **Aanhangsel C**;
- (d) Dat die Raad in ag neem dat die 2019/2020 spesiale aansuiweringsbegroting 'n impak sal hê op die 2019/2020 finansiële jaar se balansstaat begroting, as gevolg van die aanpassings in die bedryfsbegroting en die verlaagde betalingskoers weens die impak wat die COVID-19 inperking op die betaling van munisipale rekeninge sal hê in die konteks van ondernemings wat nie in bedryf kan wees nie en sukkelende verbruikers;
- (e) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting en Verslagdoening Regulasies goedgekeur word, soos in **(Annexure B: Budget Report and A-Schedules 2019/20 – 2021/22)** uiteengesit;
- (f) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die statutêre vereistes van die MFMA en dienooreenkomstig Nasionale en Provinsiale Tesourie inlig;
- (g) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienooreenkomstig gewysig word;
- (h) Dat goedkeuring verleen word om die hoë-vlak begroting vir 2019/2020 as volg te wysig:

Tabel/...

	Oorspronklike Begroting 2019/20	Half-Jaar Aansuiweringsb egroting 2019/20	Spesiale Aansuiweringsb egroting 2019/20	Verhoging / (Afname)
Kapitaalebegroting	143 857 572	140 815 524	140 815 524	-
Bedryfsuitgawes	749 828 067	757 190 607	769 794 137	12 603 530
Bedryfsinkomste	830 826 697	855 620 406	856 114 742	494 336
Begrote (Surplus)/ Tekort	(80 998 630)	(98 429 799)	(86 320 605)	(12 109 194)
<b>Minus: Kapitaal Toekennings &amp; Kapitale Bydraes</b>	67 161 000	80 471 000	80 471 000	-
(Surplus)/ Tekort	(13 837 630)	(17 958 799)	(5 849 605)	(12 109 194)

**GETEKEN:  
SPEAKER**